

100% vir God!

Ons het goeie terugvoer gekry oor 100% huwelik en 'n hele paar manne het gevoel die stuk is meer vir hulle vrouens as vir hulle. Die week gaan so bietjie moeiliker wees om te *pass the buck*.

Op 'n meer ernstiger noot. Ek wil die stuk afskop deur vir jou te vra of jy 100% oortuig is dat God 'n 100% God is?

Hoekom sou ek so 'n vraag vra? As God 'n 100% God is hoekom glo en doen ons dan nie 100% wat in Sy Woord staan nie?

Ek het myself getroos deur te redeneer dat ek nie God is. Ek is nie volmaak nie. Als waar, maar Hy het my nie so maklik daarvan laat afkom nie. In my stiltetyd het Hy my aan die volgende verse herinner.



"Nee, beywer julle allereers vir die koninkryk van God en vir die wil van God, dan sal Hy julle ook al hierdie dinge gee." Matteus 6:33 AFR83

Die volgende vrae het by my opgekom. Lees hulle deur en bespreek dan in jou groep. Die Heilige Gees sal in jou hart plaas waaraan jy kan werk.

Is ek 100% besig om my allereers vir Sy koninkryk te beywer?

Is Hy eerste in my gedagtes en my daaglikse optrede?

Begin ek my dag met Hom?

Beplan ek my lewe volgens Hom?

As ek na my finansies kyk, is Hy eerste prioriteit?

Is Sy opdragte prioriteit in my lewe? (Mat. 22:37-39, Mat. 28:19-20, Hand. 1:8)

Die doel van hierdie vrae is nie om jou met skuldgevoelens te belas nie, maar sodat ons opnuut kan beseef dat ons slegs 'n 100% persoon kan wees as ons 100% staatmaak op Hom. Hand. 1:8 en 1 Kor. 6:19.



"Of beseef julle nie dat julle liggaam 'n tempel van die Heilige Gees is nie? Julle het die Heilige Gees, wat in julle woon, van God ontvang, en julle behoort nie aan julleself nie:" 1 Kor. 6:19

Gaan werk in die week wat kom rustig deur elkeen van die vrae hierbo en maak die nodige aanpassings in jou lewe. Vra die Heilige Gees om jou te help.

Geseënde week.

Frik Janse van Rensburg



VERJAARDAE:

November

18 Braam Coetzee, Leon Swarts

19 Sam Heap

20 Bryan Aab, Francois de Klerk, Bennie Marx

21 Danie Janse van Rensburg, Michael Storm

22 Paul Coetzee, Jaco Leeuwner, Faans Marais

23 Amor Olivier

24 Kobus Bothma, Abrie Hyman, Morné Niemand

BID asb vir die volgende op ons CBMC Kalender:

- CBMC Inreik in November

KALENDER:

- CBMC Inreik, **De Zalze**, 20 November

